

# Dien of vertrap?

## Dien of vertrap? – Francois Malan

Susan vra:

Dit is vir my lekker om te dien. hoe kan ek onderskei tussen om te dien en om op getrap te word?

### Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Die vraag kan nie maklik beantwoord word nie, omdat die omstandighede onbekend is. Watter soort dien is hier van sprake, vir wie word hier gedien? Wat word beskou as op getrap word, en wie en hoe word dit gedoen teenoor die vraesteller? Is dit in die huwelik, by die werk, ens.? Wanneer word van iemand se diens misbruik gemaak?

Jesus, wat gekom het om te dien, is gekruisig deur mense vir Hy kom dien het, en Hy het vir hulle aan die kruis gebid: Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie (Lk 23:34). Jesus vermaan sy dissipels om nie die eerstes of die grootstes te wil wees nie, maar dat 'n volgeling van Jesus 'n dienaar van almal moet wees, want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys te gee vir baie mense (Markus 10:43-45). Hy is ons voorbeeld en ons Here.

Hy het gesê: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg (Mat.5:44). In Lukas 6:35-6 sê Hy: sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes. Wees

barmhartig soos julle Vader barmhartig is.

Paulus vertel van al sy ontberinge en lyding in 2 Kor 11 & 12 en sê in 12:9,10 dat die krag van Christus sy beskutting is in al sy ontbering. Daarom is hy bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

In 2 Tessalonisense 3:13 sê hy: Moenie moeg word om goed te doen nie. In Romeine 12:19 sê Paulus: moenie self wraak neem, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God.

Daar is seker 'n perk tot waar jou vermoë strek, maar die Here moet vir ons oortuig waar jy moet begin nee sê.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)